Wanda pluk vrugte na agtien jaar

Wanda Europa van Arniston / Waenhuiskrans wat vir agtien jaar as kelnerrin in meneer Bob Harman se restaurant diens gedoen het, bestuur vandag haar eie restaurant wat aan haar selfbou huis geheg is.

Die voormalige kelnerrin het al haar ervaring by bob's restaurant opgedoen en dus kan sy met trots sê dat meneer Harman nooit geheiwer het om haar advies te gee oor restaurant bedrywigheid nie. Vir Wanda was die salaris nie so belangrik as die kennis en insig wat sy wou opdoen nie. Sy kon deeglik nie wag om in haar diens te skakel nie. Toe meneer Harman sy restaurant se deure sluit het sy haar gedagte en beplanning op eie besigheid gesit, en kan ons sê dat haar besigheid goed beplan is. Haar dienste by Bob was so goed en gewild dat al die ou kliënte haar restaurant besoek van heide en vêr. Soms gaan alles gepaart oor respek en dissipline asook hoe jy as persoon met jou medemens is en die hantering van jou klant. Dit is ook iets goed aangesien werkloosheid n kopseer is gebruik sy plaaslike mense om haar te help om goeie en puik dienste te verskaf aan die publiek. Sy sit brood op n gesin se tafel. Kom laat ons die restaurant ondersteun, want dit versterk iemand se salaris. ***- Godfrey Gertse***

N & M Bakwerke
Paneelklop en Spuitwerk

Tel/Faks: 028 424 1866 • Na ure: 028 424 1828
Sel: 082 873 1730
E-pos: nmbakwerke@telkomsa.net
Nolan Maarman • Brandstr. 26 • Bredasdorp

Kinderbederf lekker

Op Saterdag 2 Januarie het kommiteelede van wyk 2 en 3 fondse bymekaar gegooi om die kinders van die gemeenskap met waartlemoene te bederf.

Dit is hierdie wyke se doel om nie net die mense in hul wyke te help nie, maar mense dwarsdeur die gemeenskap. Die kinders het gou gou hul pad deur die waartlemoene gewerk en het 'n heerlike koeligheid op 'n warm dag geniet.

ASLA bouwerkers aangeval

Etlike informele huurders is die afgelope naweek in hul woning in Zwelitsha aangeval.

Die huurders is werkers van ASLA, die boumaatskappy wat aangestel is deur KAM om huise te bou. Gerugte wou dit bekend maak dat die bogenoemde nedersetting se bewoners al hoe meer oor die laaste ruk hul wonings beskikbaar stel vir ASLA. ASLA werkers maak gebruik van hierdie wonings vir tydelike gebruik, terwyl hul bou aan die nuwe wonings. Die nadraai van die aangeleentheid het jare terug menige beinvloed. Sinkwonings word verhuur vir honderde rande deur plakkers van Zwelithsa. Die aangeleentheid die afgelope naweek was die laaste strooi, toe inwoners van die woonbuurt die twee slaapkamer woning geplunder het en met vandalisme die plek agter gelaat het. Die woning, waar tenminste 8 van die ASLA werkers oornag het, se voordeur is in 'n chaotise toestand deur die mede-werkers die daaropvolgende oggend bespeur. Tydens die korrespondent se besoek aan die toneel is daar ook deur die slagoffer aangevoer dat een van hul spanlede beseer is met 'n skerp voorwerp. Hy sterk glo steeds aan in die hospitaal. Die slagoffers het onmiddelik die oorspronklike eienaars verwittig oor die onverwagte aanval op hulle. Die polsie is ontbied en 'n klag is aangemeld.

-Vincent Plaatjies

HERBALIST/ASTROLOGER
DR.M.S.Isaaks
from Seese Islands

KRUIEDOKTER
Troubled marriages
Remote control for lover
Win Lotto,Casino,Power Ball &Horse Racing,etc.
Magic wallet & Kitaka Wallet for Money control.
Money into your account within two hours using magic powers.

CALL DOCTOR OR SMS
CELL:073 948 4696
IN BREDASDORP